## Redaksioneel

Die redaksie het spontaan 'n geleentheid aangegryp om dank uit te spreek teenoor en hulde te bring aan twee kollegas en medewerkers wat in 1992 hulle 65ste verjaardag gevier het, naamlik B. Spoelstra en V.E. d'Assonville. Wie die verskillende nommers van *In die Skriflig* vanaf die totstandkoming in 1966 deurblaai, sal gou agterkom hoeveel artikels daar uit hulle pen verskyn het, elk met 'n eie aksent. Albei het hulle in die ekklesiologie verdiep en het elk op sy eie wyse bygedra tot die uitbou van die reformatoriese teologie in Suid-Afrika. Ook by verskil van mening, was daar deurgaans waardering vir die bydrae wat hierdie twee teoloë gelewer het.

So is sowel Spoelstra se verset teen kerklike institusionalisme, waaronder sinodalisme, as D'Assonville se oproep *ad fontes*, aksente wat behartigenswaardig is. Daarby was Spoelstra vanaf 1970-1986 redakteur van *In die Skriflig* en het hy ook in hierdie verband 'n belangrike bydrae gelewer.

Ons dank die Here vir hulle bydraes en ons bede is dat Hy hulle op hulle verdere lewensweg sal seën.

Die redaksie het dit goedgedink om ook enkele ander kollegas te nader om meer uitgebreid woorde van dank en waardering toe te voeg.

Alle bydraes van kollegas wat as navorsingsartikels geplaas word, is egter onderwerp aan die normale keuringsprosedure van *In die Skriflig*.

J.H. van Wyk